VOORLOPIGE SEKWESTRASIE

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(WES-KAAPSE AFDELING, KAAPSTAD)**

14|5|15

Kaapstad: Donderdag, 14 Mei 2015
Voor Sy Edele Waarnemende Regter Ferreira

Saaknommer: **7651/15**

In die saak tussen:

**RENALDO ERIC VAN HOOGSTRATEN** — Applikant

en

**FRANCOIS BOONZAAIER** — Eerste Respondent
I.D.NR. 720816 5101 08 2
Woonagtig te Goedemoedstraat 155, DURBANVILLE Wes-Kaap
**RETHA BOONZAAIER** — Tweede Respondent

Getroud met mekaar buite gemeenskap van goedere

---

**BEVEL**

---

Na deurlees van die stukke en na aanhoor van die advokaat namens Applikant, **word gelas dat:**

1. Eerste Respondent se boedel onder voorlopige sekwestrasie geplaas word in die hande van die Meester van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Wes-Kaapse Afdeling, Kaapstad);

2. 'n bevel nisi uitgereik word ingevolge waarvan Eerste Respondent en/of alle belanghebbende persone versoek word om op **Donderdag, 18 Junie 2015** om **10h00**, of so spoedig moontlik daarna as wat advokaat vir Applikant aangehoor kan word, voor bogemelde Agbare Hof te verskyn om redes, indien enige, aan te voer waarom 'n bevel in die volgende terme nie toegestaan moet word nie:

2.1 dat Eerste Respondent se boedel onder finale sekwestrasie geplaas word;

2.2 dat die koste van hierdie aansoek koste in Eerste Respondent se sekwestrasie sal wees.

3. 'n afskrif van hierdie bevel beteken word:

3.1 op Eerste en Tweede Respondente persoonlik, deur die Balju van bogemelde Agbare Hof;

3.2 op die kantoor van die Ontvanger van Inkomste, deur die Balju van bogemelde Agbare Hof;

3.3 op alle bekende skuldeisers met eise van meer as R 20 000,00 per voorafbetaalde geregistreerde pos.

444 Lombard & Kriek
Goodwood

OP LAS VAN DIE HOF

/avz

HOF GRIFFIER